Dag 19 – Vissies & broodjies

Gaan haal een koekie uit die kas en deel dit tussen julle almal. Gesels oor hoe mededeelsaam julle elkeen is. Vir wie is dit lekker om deel? Vir wie is dit moeilik om te deel?

Woord: Johannes 6:1-15
(video van storie ook beskikbaar by: https://www.bible.com/af/kids)

Jesus gee meer as 5 000 mense kos

Iets verskriklik het gebeur. Johannes die Doper is so pas doodgemaak. Die koning se vrou het nie van hom gehou nie en sy het die koning omgepraat om Johannes se kop te laat rol.

Toe Jesus dit hoor, was hy baie hartseer en gaan alleen na 'n eensame plek toe. Die mense het hom gevolg en hy het met hul gesels oor God en die siekes gesond gemaak.

DIt het vinnig donker geraak en die dissipels het Jesus gevra om die mense huistoe te stuur om te gaan eet. Jesus wou nie hê hulle moes gaan en het die dissipels gevra om die mense kos te gee.

Filippus vra toe: 'Waar kan ons genoeg kos koop om vir al hierdie mense kos te gee?' 'Dit sal vreeslik baie geld kos om genoeg te koop sodat elkeen net 'n bietjie kan kry'. Andreas sê: 'Hier is 'n seun met 'n kosblik met vyf broodjies en twee vissies, maar dit sal nie naastenby genoeg wees vir al hierdie mense nie!'

'Sê vir die mense om op die gras te gaan sit', sê Jesus. Hy begin toe om vir God dankie te sê vir die kos wat voor hom lê. Na die gebed begin hy om dit in stukkies op te breek en die dissipels deel die 5 broodjies en 2 vissies uit vir 5 000 mans en duisende vroue en kinders. Hulle eet almal totdat hulle genoeg gehad het. Toe die dissipels die kos versamel wat oorgebly het, was daar nog 12 mandjies vol oor!

Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Hoekom wou Jesus alleen wees?
2. Wie het hom gevolg?
3. Hoekom wou die dissipels die mense huistoe stuur?
4. Wie het sy kos met almal gedeel?
5. Ek wonder hoe het die seuntjie in die storie gevoel. Dink julle hy was skaam om die min kos wat hy gehad het te deel? Of was hy trots om die bietjie wat hy het te gee om baie ander mense te help?

Soms is dit baie moeilik om te deel - dit is dan so lekker om 'n speelding of 'n lekkertjie vir ons self te hê. Maar soms is dit ook lekker om te deel en voel mens goed daaroor.

Gebed

Liewe Heer, help my om mededeelsaam te wees dat daar genoeg vir almal kan wees.

Speletjie

Speel 'n variasie van "*Rock, paper, scissors*" deur die woorde "*brood, mandjie en vissie*" te gebruik. Die tekens is soos volg: Brood = vuis, Mandjie = maak jou hand bak, Vissie = hou hande bymekaar en maak soos vis wat swem.

- Brood wen die vissie
- Mandjie wen die brood
- Vissie wen die mandjie

Aktiwiteit 1

Verbind die getalle om te sien wat die seuntjie in sy mandjie het.

Aktiwiteit 2

Watter lyn sal die seuntjie met die vissies en broodjies na Jesus toe neem?



Aktiwiteit 3

Inkleurprent